## VERLORE OKUMENTE

4040

SK1998/2005S

### VERLORE AKTE

eskied hiermee dat inge- bepalings van regulasie 68 Wet op die Registrasie van 937, daar van voorneme is oek te doen vir gesertifiseerifte van notariële akte van SK1998/2005S uitgereik ON JACOBUS NEL, ID-nr. 5099 08 1, ongetroud, ten van MARIA MAGDALENA , ID-nr. 570819 0068 08 3, ekking tot 'n eksklusiewe area beskryf as PARKING grootte 13 (dertien) vier- eters synde deel van die eiendom bestaande uit die skema bekend as TWO met betrekking tot die gebou of geboue geleë in in die Stad Kaapstad, soos n ten volle beskryf op deel- S67/1996 wat verlore of is.

one met besware teen die n sodanige titelbewys word versoek om dit skriftelik in die Registrateur van Aktes 1216, 12de Vloer, 90 Plein- aapstad, binne twee weke tum van publikasie hiervan. PROKUREURS, Oude Village, Blok 2B, h.v. Pon- Riebeeckshofstraat, Oude Bellville 7530. Tel. 021 913 -pos: info@blaauwattor- a.

Okt. 25 - (4040)

ST9465/2005

### VERLORE AKTE

Kennis geskied hiermee dat ingevolge die bepalings van regulasie 68 van die Wet op die Registrasie van Aktes, 1937, daar van voorneme is om aansoek te doen vir gesertifiseerde afskrifte van Transportakte ST9465/2005 uitgereik deur DEON JACOBUS NEL, ID-nr. 600407 5099 08 1, ongetroud, ten gunste van MARIA MAGDALENA JOUBERT, ID-nr. 570819 0068 08 3, ongetroud, met betrekking tot Gedeelte 22 soos getoon en ten volle beskryf op deelplan SS 67/1996 in die skema bekend as TWO OCEANS met betrekking tot die grond en gebou of geboue geleë by Parow in die Stad Kaapstad met grootte ingevolge genoemde deelplan van 34 (vier en dertig) vierkante meters; en (b) 'n onverdeelde aandeel in die gemene eiendom in die skema toegedeel aan gemelde gedeelte ooreenkomstig die deelnemingskwota soos geëndosseer op gemelde deelplan wat verlore of vernietig is.

Alle persone met besware teen die uitreik van sodanige titelbewys word hiermee versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes by Kamer 1216, 12de Vloer, 90 Pleinstraat, Kaapstad, binne twee weke ná die datum van publikasie hiervan.

BLAAUW PROKUREURS, Oude Westhof Village, Blok 2B, h.v. Pontac & Van Riebeeckshofstraat, Oude Westhof, Bellville 7530. Tel. 021 913 1783. E-pos: info@blaauwattorneys.co.za.

275160 Nov. 19 - (4040)

T20240/2009

### VERLORE OF VERNIETIGDE TITELAKTE

Kennis geskied hiermee dat ingevolge die bepalings van Regulasie 68 van die Wet op die Registrasie van Aktes, 1937, daar van voorneme is om aansoek te doen vir 'n gesertifiseerde afskrif van Transportakte T20240/2009 gepasseer deur Asla Construction (Edms.) Bpk., Registrasie-nr. 1969/018327/07 ten gunste van Phumlani Mgwayi, ID-nr. 751214 5853 08 8, ongetroud en Phatheka Patricia Diko, ID-nr. 790924 0498 08 4, ongetroud ten aansien van Erf 26119, Strand, Stad Kaapstad, Afdeling Stellenbosch, Provinsie Wes-Kaap, wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle belangstellendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Kaapstad, Kamer 1216, 12de Vloer, Pleinstraat 90, Kaapstad, binne twee weke na datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedagteken in Kuilsrivier op 17 Oktober 2023.

MARAIS MÜLLER HENDRICKS ING., Van Riebeeckstraat 58, Kuilsrivier. Tel. 021 900 5300. E-pos: marizanne-@mmh.law.

261646 Okt. 25-(4040)V

T35014/1988

### VERLORE TRANSPORTAKTE

Kennis geskied hiermee ingevolge Reël 68 van die Wet op die Registrasie van Aktes, 1937, van die voorneme om aansoek te doen om 'n gewaarmerkte afskrif van Akte van Transport-nr. T35014/1988 gepasseer deur RALPH EDWARD DE HAHN, ID-nr. 551110 5014 00 6 ten gunste van GEORGE HAROLD MURIE, ID-nr. 580129 5056 00 2 en WENDY MURIE, ID-nr. 661204 0215 00 2 ten opsigte van sekere Erf 63369 Kaapstad wat verlore of vernietig is.

Alle belanghebbende persone met besware teen die uitreik van sodanige afskrif word hiermee versoek om hul besware skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes in Kaapstad, Kamer 1216, binne twee weke van die publikasiedatum van hierdie kennisgewing.

Gedateer te Monte Vista op 17 Oktober 2023.

TSM INCORPORATED, Applikant,

1 bloedskenking kan tot 3 lewens red.

Vind jou naaste kliniek op www.wcbs.org.za

# Kennisgewing

## KENNISGEWING VAN FINALE OPENBARE VERGADERING: STIGTING VAN 'N STADSVERBETERINGS-DISTRIK ("SVD") VIR KAMPSBAAI

**GELIEWE HIERMEE KENNIS TE NEEM DAT:**

1. Spencer McNally, synde die geregistreerde eienaar van Erf no. 675, Shanklin Crescent no. 28, Kampsbaai, Kaapstad, is van voorneme om aansoek te doen vir die stigting van 'n Stads-verbeterings-distrik ("SVD"), in terme van die Stad Kaapstad se Verordening op Stadsverbeterings-Distrikte, 2023 (die "Verordening"), saamgelees met die Stad Kaapstad se Stadsverbeterings-distrikte Beleid, 2023 (die "Beleid").
2. Die voorgenome Kampsbaai SVD sal alle nie-residensiële en residensiële eiendomme, wat binne die ondervermelde grense geleë is, insluit: Noordelike Grens: Kloof Straat; Oostelik Grens: Kampsbaai Weg, Woodhead Glen, groengordels agter Hely Hutchinson Laan, Theresa Laan en Erf 2802; Suidelike Grens: ERF 2802 Oudekraal Plaas en Westelike Grens: Atlantiese Oseaan/Victoria Straat/Laer Beta en Beta Naby.
3. Na afloop van die openbare vergadering op 23 Augustus 2023 is sekere aspekte van die besigheidsplan gewysig ten einde kommentaar van die plaaslike gemeenskap in ag te neem. Gevolglik word die finale Openbare Vergadering i.t.v. artikel 6 van die Verordening, byeengeroep ten einde die finale besigheidsplan te bespreek en verdere kommentaar in te win alvorens die besigheidsplan, tesame met die aansoek om SVD oprigting, by die Raad ingedien word.

**DATUM:** 6 November 2023
**TYD:** 18h00
**PLEK:** Laerskool Kampsbaai
**LIGGING:** 11 Dunkeld Straat, Kampsbaai

**ALLE EIENAARS VAN EIENDOM EN LEDE VAN DIE PLAASLIKE GEMEENSKAP IN DIE VOORGENOME SVD WORD VRIENDELIK VERSOEK OM DIE VERGADERING BY TE WOON**

**NEEM VERDERE KENNIS DAT:**

1. Alle geregistreerde eienaars van eiendom geleë binne die voorgenome SVD word i.t.v. klousule 9.3 van die Beleid, outomaties ingesluit op die Belanghebbende Persone Register (die "Register"). Ander lede van die plaaslike gemeenskap wat op die register as belanghebbende persone geplaas wil word moet sodanige versoek aan die applikant rig per epos:connect@campsbaycid.org of telefonies by 083 628 8500.
2. Die finale besigheidsplan is beskikbaar op die webwerf: www.campsbaycid.org; 'n afskrif kan ook ter insae gekry word by Kampsbaai openbare Biblioteek The Drive Kampsbaai 8005.
3. Enige skriftelike kommentaar t.o.v. die finale besigheidsplan en voorgenome aansoek moet by die applikant ingedien word voor 6 Desember 2023.
4. Indien u nie die geregistreerde eienaar van die betrokke eiendom is nie, word u vriendelik versoek om hierdie kennisgewing onmiddellik onder die aandag van sodanige eienaar te bring. Alternatiewelik, verskaf asb. die eienaar se kontakbesonderhede aan connect@campsbaycid.org, sodat hy/sy die eienaar van die inhoud van hierdie kennisgewing mag verwittig.

X1XWYE8D-DB251023